**30 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:105-120**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:105 (1983-vertaling)**

## Die lamp op ons pad

Joodse reisigers wat in die nag gereis het, het dit moeilik gehad op uiters slegte paaie. Gevare was groot. 'n Lamp was onontbeerlik en kon die verskil tussen lewe en dood bepaal.

Op ons lewensreis is die pad ook vol gevare. Duisternis omvou ons weens beproewings, moeilike besluite en groot aanslae deur die vyand. Vir die Psalmdigter is die Woord die lig op hierdie moeilike pad. Die Woord gee nie net die weg aan nie (Jesus is die Weg), maar tree vir tree bied die lig van die Woord opklaring van onsekerheid, hoop aan die terneergedrukte (vs 107), moed vir die aanslae en die opdraandes (vs 110, 112) en vreugde vir die beproefde (vs 111). Waar ander "lig" (ons en ander se wyshede en boeke) ons selfs op 'n gevaarlike afgrond bring, bly die Woord ewige lig op ons pad. Hierdie Woord van God is lewend. Daarmee spreek die Here tot ons in ons unieke omstandighede.

Waarom beleef baie die Woord nie as die lig op hulle pad nie? Omdat hulle die Woord hanteer soos 'n instruksieboek wat hulle net in nood wil raadpleeg. Met die Woord werk dit anders – ons kan nie net die Woord lees wanneer ons dit skielik nodig voel nie. Die gesindheid van "gou 'n stukkie lees" moet met 'n deurtastende soeke na die Here se wil vervang word. Doen moeite met die Woord, maak dit jou eie en vind vreugde daarin. Deur gereelde Skrifstudie word wysheid en godgegewe lewensreëls in ons geplant sodat lig al helderder val op ons pad. Vra dat die Gees insig gee om die Woord reg te verbind aan die volgende tree wat jy moet gee.

Wat gebruik jy as lig op jou pad? Waar soek die kerke lig vir die onseker toekoms voor ons? Daar is lig – God se lig!

*Sing: Psalm 119:39, 48 (1936)*

*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*